NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

VERBRUIKERSTUDIES

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Begin **elke afdeling** op 'n **nuwe** bladsy.

   AFDELING A: Voedsel en Voeding en die Verbruiker

   AFDELING B: Kleding en die Verbruiker

   AFDELING C: Behuising en Interieur en die Verbruiker

   AFDELING D: Uitgebreide Skryfrespons

3. Lees die vrae noukeurig deur.

4. Party afdelings het meerkeusevrae. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte **hoofletter** in jou Antwoordboek neer, bv. 1.1.8. A. Moenie die ruit gebruik wat op die binneblad van jou Antwoordboek gedruk is nie.

5. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Laat genoeg spasie tussen elke antwoord.

7. Moenie in die kantlyne skryf nie; laat dit oop vir die neerskryf van punte.

8. Die punte wat aan elke vraag toegeken word, dui die detail wat verlang word, aan.

9. Sakrekenaars mag gebruik word.

10. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2018

AFDELING A VOEDSEL EN VOEDING EN DIE VERBRUIKER

Bestee ongeveer 60 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 1

Moenie die ruit gebruik wat op die binneblad van jou Antwoordboek gedruk is nie.

Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte hoofletter (A–D) in jou Antwoordboek neer.

1.1 Vigslyers ly dikwels aan wanvoeding as gevolg van:

A 'n gebrek aan laktase.
B te veel insulien.
C 'n gebrek aan eetlus.
D 'n gebrek aan oefening.

1.2 Fisiese simptome van Anorexia Nervosa sluit in:

A oormatige gewigsverlies, opgeblaasdheid en diarree.
B oormatige gewigsverlies, moegheid en hardlywigheid.
C oormatige gewigsverlies, sosiale onttrekking en gebrek aan emosie.
D depressie, buierigheid en tandprobleme.

1.3 Kies die beste aanbeveling vir die beheer van anemie:

A vermy die kos wat die reaksie veroorsaak vir 'n sekere tydperk.
B volg 'n gesonde dieet wat rooivleis, lensies en tamaties insluit.
C doen gereelde gewigdraende oefeninge.
D verlaag die totale GI van 'n ete deur hoë-GI- en lae-GI-voedselsoorte te kombineer.

1.4 Geneties-gemodifiseerde voedsel kan die beste gedefinieer word as:

A voedsel wat met baie kort lig- en radiogolwe behandel word.
B voedsame en veilige kos wat aan alle huishoudings beskikbaar is.
C voedsel wat geproduseer word deur metodes wat die produktiwiteit van die ekostelsel volhoubaar maak.
D voedsel wat deur die manipulasie van die DNA-molekule ontwikkel word.

1.5 Die hoofdoel van voedseletikettering is:

A om die verbruiker te beskerm en inligting oor spesifieke voedsel-soorte te verskaf.
B om as 'n preserveermiddel op te tree en die groei van mikro-organismes te vertraag.
C om siektes of toestande soos kanker, senuwee-aandoenings en obesiteit te voorkom.
D om aan verbruikers te toon dat sekere kosse veilig en maklik is om te eet.

[5]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 2

Kategoriseer die volgende belastings as direkte of indirekte belasting. Tabuleer jou antwoord soos hieronder getoon:

- belasting op toegevoegde waarde
- aksynsbelasting
- eiendomsbelasting (tariewe)
- kapitaalwinsbelasting
- LBS-belasting
- invoerbelasting
- voorlopige belasting
- lisensies
- hereregte (oordragsfooi)
- boedelbelasting

Direkte belasting	Indirekte belasting

[10]

VRAAG 3

Bestudeer die bestanddele-inligting op die voedseletiket hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Groente (minimum 52%) (wortels, uie, kool, soetrissies, rissies) (in veranderlike verhoudings), water, tamatie-purée, sonneblomolie, (antioksidant TBHQ (E319)), speserye (bestraal), koring, sout (nie-gejodeer), geneties-gemodifiseerde mieliestysel (E1401), suurheidsreguleerder (E330).

[Aangepas van: <www.koo.co.za/products/range/chakalaka>]

3.1 Die mieliestysel in die Chakalaka is geneties gemodifiseer en het daarom sekere voordele. Identifiseer enige vier voordele deur slegs die hoofletters van jou keuse neer te skryf.

A Dit het dikwels meer letsels.
B Gewasse raak plaagbestand.
C Die gereelde inname van antibiotika-weerstandige gene kan individue weerstanding maak teen die doeltreffendheid van antibiotika.
D Produkte het 'n langer rakleeftyd en het beter verwerkings- en vervaardigingseienskappe.
E Gewasse kan 'n verbeterde geur, voorkoms en tekstuur hê.
F Diere kan groter en vinniger groei, wat oneties is.
G Kossoorte kan meer voedsaam wees.
H Die mieliestysel kan 'n superorganisme word. (4)

3.2 Noem een rede hoekom die speserye in die Chakalaka bestraal word. (1)

3.3 Verduidelik kortliks hoekom bestraalde voedsel voordelig vir MIV / Vigspasiënte kan wees. (2)

3.4 Ontleed die bestanddelelys om aan te toon dat hierdie Chakalaka 'n geskikte keuse is om by 'n MIV / Vigspasiënt se dieet in te sluit.

Tabuleer jou antwoord soos hieronder aangedui:

Bestanddeel	Motivering

(5)

3.5 Stel 'n geskikte, voedsame middagetespyskaart saam wat die Chakalaka insluit en bedien kan word om die gesondheid van 'n MIV / Vigsindividu te beheer. Motiveer jou keuses. (4)

[16]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 4

Jy is 'n voedingblogger en die volgende vraag is deur Beth op jou blog geplaas.

Kan die inname van te veel suiker tipe 2-diabetes veroorsaak?

Deur Beth W. Orenstein

[Aangepas van <www.everydayhealth.com>]

4.1 Beantwoord Beth se blogvraag deur twee oorsake vir die ontwikkeling van tipe 2-diabetes hieronder te identifiseer. Skryf slegs die korrekte hoofletters van jou keuse neer.

A Die pankreas bou nie voldoende insulien op om die bloedglukose-vlakke effektief te beheer nie.
B Na 'n ete word proteïene verteer en gemetaboliseer en deur die liggaam vir energie gebruik.
C Die liggaam kan nie die insulien effektief gebruik nie en liggaamselle kan dus insulienweerstandig word.
D Daar is nie voldoende insulien om die liggaamselle te ontsluit en energie te verskaf nie, wat hoë bloeddruk veroorsaak. (2)

4.2 Voorsien Beth van vyf dieetverwante riglyne wat sy sal moet implementeer as sy met tipe 2-diabetes gediagnoseer word. Motiveer hierdie riglyne. (5)
[7]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder voordat jy Vraag 5.1–5.5 beantwoord.

Tebogo se verhaal

Tebogo sukkel met haar gewig vir solank as wat sy kan onthou. Sy is 21 jaar oud en studeer tans aan die universiteit. Sy is 163 cm lank en het tot onlangs 70 kg geweeg. Om haar aan kos te vergryp, het vir haar 'n leefwyse geword. Die frekwensie van haar kosvergrype het die afgelope paar maande toegeneem en haar gewig het skielik met 'n verdere 15 kilogram toegeneem. Tebogo is tans baie bekommerd oor haar gewig.

Alhoewel Tebogo haar voorkoms haat en baie bekommerd is oor wat sy aan haar liggaam doen, weet sy nie hoe om op te hou nie. Sy probeer haar kosinname gedurende die dag beperk, maar die drang om haar aan kos te vergryp oorval haar gewoonlik later in die middag. Sy eet gewoonlik eers 'n verskeidenheid kitskosse, gevolg deur heelwat soet versnaperings. Sy probeer die kos opeet voordat haar broer van sy sokkeroefening af terugkom.

Die skuldgevoelens oor wat sy doen, laat haar depressief voel, gevolglik bring sy na sulke vergryp-episodes heelwat tyd in die badkamer deur waar sy purgeer. Sy voel skaam hieroor, maar is in hierdie bose kringloop vasgevang.

Na 'n besoek aan 'n dokter word Tebogo uiteindelik met bulimia nervosa gediagnoseer.

[Aangepas van: v/d Merwe (2013)]

5.1 Identifiseer drie redes uit die uittreksel waarom Tebogo met bulimia nervosa gediagnoseer is. (3)

5.2 Noem twee newe-effekte van die spysverteringstelsel van Tebogo se eetversteuring wat nie in die uittreksel genoem word nie. (2)

5.3 Stel 'n bestuurstrategie vir bulimia nervosa aan Tebogo voor. (3)

5.4 Definieer die term "liggaamsmassa-indeks" en verduidelik aan Tebogo hoe om haar LMI te bereken. (2)

5.5 Bereken Tebogo se LMI. Gebruik die tabel hieronder om vir haar te verduidelik in watter kategorie van klassifikasie sy val en bepaal dan haar ideale liggaamsgewig. (Toon alle berekenings.)

LMI Tabel:

Klassifikasies	LMI
Ondergewig	<18,5
Normaal	18,5–24,9
Oorgewig	25,0–29,9
Vetsug, klas I	30,0–34,9
Vetsug, klas II	35,0–39,9
Uiterste vetsug, klas III	≥40

(4)

[14]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 6

Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord Vraag 6.1–6.7.

Huidige inflasie Suid-Afrika – VPI-inflasie

Hierdie grafiek bevat 'n oorsig van huidige Suid-Afrikaanse inflasie: VPI Suid-Afrika. Die inflasie is gebaseer op die verbruikersprysindeks (VPI). Die inflasiegrafiek dui die inflasiekoerse gedurende die afgelope 12 maande aan.



[Aangepas van: <http://www.inflation.eu/inflation-rates/south-africa/current-cpi-inflation-south-africa.aspx>]

6.1 Die grafiek hierbo verwys na die Verbruikersprysindeks (VPI). Definieer die term. (2)

6.2 Tussen watter maande in 2017 het Suid-Afrikaanse verbruikers die hoogste vlak van inflasie beleef, en wat was die persentasie? (2)

6.3 Voorspel wat die gevolge vir Suid-Afrikaanse huishoudings sal wees as die inflasiekoers teen bogenoemde koers aanhou styg. (3)

6.4 Noem twee moontlike redes vir die verhoogde inflasiekoers. (2)

6.5 Bespreek die maatreël wat die regering getref het om lae-inkomste-huishoudings met voedselaankope by te staan. (2)

6.6 Voorspel die uitkoms as kinders aan 'n erge proteïentekort ly. Noem vier simptome van hierdie siekte. (5)

6.7 Stel twee proteïenryke kossoorte voor wat van BTW vrygestel is en dus meer bekostigbaar sal wees. (2)

[18]

70 punte

AFDELING B KLEDING EN DIE VERBRUIKER

Bestee ongeveer 40 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 7

Pas die illustrasie in Kolom A by die modeterm in Kolom B en die beste beskrywing in Kolom C. Skryf slegs die hoofletter en die Romeinse syfer vir elke antwoord (bv. 7.6 G vii) neer. Die tabel vervolg op die volgende bladsy.

Kolom A Illustrasie		Kolom B Modeterm		Kolom C Beskrywing	
7.1		A	Haute couture	i	Hierdie mode is tydloos, eenvoudig en bly gewild.
7.2		B	Modeneiging	ii	Hierdie kledingstukke word deur mode-ontwerpers geskep en deur 'n paar modeleiers gedra.
7.3		C	Silhoeët	iii	Style wat algemeen deur die meerderheid mense aanvaar word.
7.4		D	Massamode	iv	Hierdie mode word gou deur 'n relatief klein groepie verbruikers aanvaar omdat dit 'n kort lewensduur het.

IEB Copyright © 2018

7.5		E	Modegier	v	Buitelyn van jou liggaam of kledingstuk, wat jy op 'n afstand kan waarneem.
		F	Klassieke mode	vi	Mode wat in 'n sekere algemene rigting verander.

[10]

Bronne:

Afbeelding 7.1: [<https://image.freepik.com/free-vector/fashion-models-silhouette-pack_23-2147563634.jpg>]
Afbeelding 7.2: [<https://za.pinterest.com/explore/audrey-hepburn-black-dress/>]
Afbeelding 7.3: [<https://i.pinimg.com/originals/20/cc/ee/20ccee8556298f38fbcaa191025051de.jpg>]
Afbeelding 7.4: [<https://i.ytimg.com/vi/mc-VF4 xtqxk/hqdefault.jpg>]
Afbeelding 7.5: [<https://i.pinimg.com/736x/fb/3d/4c/fb3d4ce105075fb0096dfab06fa542c3--kate-middleton-dress-kate-middleton-style.jpg>]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 8

Lees die onderstaande teks voordat jy die vrae wat volg, beantwoord.

Shirley is 25 jaar oud en het pas haar regsgraad voltooi. Sy begin haar eerste werk by 'n bekende regsfirma en sal die meeste van haar tyd in die hof deurbring. Sy is egter verlore wat klerekasbeplanning betref, en het jou raad nodig.

[Eie teks]

Shirley het die volgende items in haar studentklerekas.

[Bron: <https://i.pinimg.com/originals/66/a7/f4/66a7f499867c48dc7f69d96081285359.jpg>]

IEB Copyright © 2018

8.1 Stel vyf klassieke items voor wat Shirley by haar bestaande klerekas kan inkorporeer om dit geskik te maak vir haar nuwe werk by die prokureursfirma. (5)

8.2 Evalueer Shirley se bestaande klerekas vir haar nuwe loopbaan. (5)

8.3 Skep 'n volledige en gepaste uitrusting vir Shirley om in die hof mee te verskyn, met items uit haar huidige klerekas en party van die klassieke style wat in Vraag 8.1 voorgestel word. (3)
[13]

VRAAG 9

Modekeuse en -verandering word deur verskeie faktore beïnvloed.

Kies in elk van die volgende gevalle die faktor wat niks met die ander twee in gemeen het nie en gee 'n rede vir jou keuse.

9.1 Godsdiens / Resessie / Kultuur. (2)

9.2 Fisiese self / Sielkundige self / Beeld wat persone van hulself het. (2)

9.3 Identifiseerbaar / Standaard van voorkoms word verseker / Geen individualiteit. (2)

9.4 Min grimering / Besondere hoë hakke / Baie parfuum. (2)
[8]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 10

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Olimpiese mode: wenner of nie?

Ralph Lauren het die VSA se spandrag vir die afsluitingseremonie van die 2018 Winter Olimpiese Spele ontwerp

Die "tuis" trui vir die Verenigde State se hokkiespan, ontwerp deur Nike.

Kanada, Frankryk en Pole het in Oktober 2017 hul uitrustings vir die 2018 Olimpiese Winter Spele in PyeongChang, Suid-Korea, bekendgestel. Daar was selfs 'n spesiale Olimpiese modevertoning in Warskou wat ook Kroasië, Griekeland, Letland en Serwië ingesluit het.

In November 2017 het die Verenigde State uit die wegspringblokke gekom en by die kompetisie aangesluit. In 'n soort stylaflos het Ralph Lauren die VSA se spandrag vir die afsluitingseremonie bekendgestel. Burton het die sneeuplankrydrag vertoon en Nike het die hokkietruie van die Verenigde State sowel as Kanada bekendgestel.

Tot dusver is die wenner skynbaar … sportdrag!

Dit mag dalk belaglik klink, maar mode het só deel van die Olimpiese Spele geword dat die buitekompetisiedrag van atlete, en selfs sommige kompetisiedrag, al hoe meer na basiese loopplankhandelsware begin lyk.

[Aangepas van: <https://www.nytimes.com/2017/11/02/fashion/olympics-ralph-lauren-burton.html>]

10.1 Noem vier faktore wat modeverandering beïnvloed. (4)

10.2 "… mode het só deel van die Olimpiese Spele geword …" Identifiseer die faktor in Vraag 10.1 waarvan hierdie stelling deel sal vorm. (1)

10.3 Handelsmerke soos Ralph Lauren en Nike word in die uittreksel genoem. Bespreek hoe die gebruik van hierdie name die koopgedrag van verbruikers en die huidige Olimpiese Spele se modeneigings kan beïnvloed. (8)

[13]

VRAAG 11

Verduidelik hoe verbruikers hul gebruik en keuse van klere kan beheer om volhoubaarheid te ondersteun en sodoende 'n kleiner koolstofvoetspoor na te laat.

[6]

50 punte

IEB Copyright © 2018

AFDELING C BEHUISING EN INTERIEUR EN DIE VERBRUIKER

Bestee ongeveer 50 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 12

Pas die voorbeeld in Kolom A by die toepaslikste rolspeler in Kolom B en die finansiële vereiste of raad in Kolom C. Skryf slegs die hoofletter en die Romeinse syfer vir elke antwoord (bv. 12.6 G vii) neer.

Kolom A Voorbeeld		Kolom B Rolspeler		Kolom C Finansiële vereiste of Raad	
12.1	Huur	A	Eiendomsagent	i	NHBRR
12.2	Bou	B	Huurder	ii	Huurkontrak
12.3	Koop	C	Huiseienaar	iii	Salaris
12.4	Vullisverwy-dering	D	Inspekteur	iv	Huislening
12.5	Versekering	E	Regering	v	Eiendomsbelasting
		F	Munisipaliteit	vi	Omvattend

[10]

VRAAG 13

Vergelyk die koop, bou en huur van 'n huis ten opsigte van:

13.1 Leefstyl
13.2 Koste
13.3 Belegging
13.4 Onderhoud

Tabuleer jou antwoord soos hieronder aangetoon:

	KOOP	BOU	HUUR
LEEFSTYL			
KOSTE			
BELEGGING			
ONDERHOUD			

[12]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 14

Kevin en Jo-Anne kan nie 'n huis vind wat by hul lewenstyl en behoeftes pas nie. Hulle besluit om eerder 'n erf te koop en hul eie huis te bou.

14.1 Noem vyf faktore wat in ag geneem moet word wanneer jy jou eie huis bou. (5)

14.2 Dis baie belangrik om die regte bouer te kry wanneer jy jou eie huis bou. Noem twee nadele wanneer 'n onbetroubare bouer gekies word. (2)

14.3 Noem vyf kriteria wat by die boukontrak ingesluit moet word om Kevin en Jo-Anne te beskerm. (5)

[12]

VRAAG 15

Bestudeer die advertensie vir 'n drieslaapkamermeenthuis hieronder en gebruik die inligting om Vraag 15.1–15.9 te beantwoord.

R900 000

3-slaapkamermeenthuis

Die opwindendste nuwe ontwikkeling wat Centurion in jare gesien het, is pas van stapel gestuur! Hierdie goed ontwerpte, vrystaande meenthuis het 3 slaapkamers, 2,5 badkamers (en suite is 'n volledige badkamer) met 'n ruim privaat tuin en 'n enkel motorhuis en enkel motorafdak. Die Hudson het 'n pragtige gemeenskaplike klubhuis met swembad, ingeboude braaigeriewe en 'n kinderspeelarea. Uitstekende sekuriteit sluit 24 uur-toegangsbeheer met patrolliewagte en 'n 2,1 m hoë muur met 8-draad elektriese heining bo-op in. Elke huis het 'n songeiser en veseloptika na die huis met een jaar gratis internetgebruik. Geen hereregte (oordragsfooi). Heffing slegs R1 861. Ontwikkelaar het alleenmandaat aan Rawson Eiendomsagente toegeken om hierdie unieke eenhede te verkoop.

[Aangepas van: <Property24.com>]

IEB Copyright © 2018

15.1 Identifiseer die soort huiseienaarskap in die advertensie. (1)

15.2 Definieer die term "alleenmandaat". (1)

15.3 Bespreek die rol van die eiendomsagent wanneer hierdie eiendom verkoop word. (4)

15.4 Die advertensie lui "Geen hereregte" (oordragsfooi). Verduidelik wat met hierdie term bedoel word. (2)

15.5 Verduidelik hoekom dit nie nodig is om hereregte (oordragsfooi) te betaal wanneer een van hierdie meenthuise gekoop word nie. (2)

15.6 Alhoewel geen hereregte (oordragsfooi) vir hierdie eiendom nodig is nie, is daar ander koste verbonde by die aankoop van 'n eiendom. Noem twee addisionele kostes wat betaal moet word. (2)

15.7 Aan wie is die koste wat in Vraag 15.6 gemeld word, betaalbaar en hoekom? (4)

15.8 'n Maandelikse heffing is elke maand betaalbaar. Hoeveel is die heffing vir hierdie geadverteerde eiendom? (1)

15.9 Stel vier spesifieke gebruike vir hierdie heffing voor. (4)

[21]

VRAAG 16

Adviseer die verbruikers in Kaapstad wat 'n wasmasjien wil koop, ten einde hul waterverbruik te verminder en 'n kleiner negatiewe impak op die omgewing te hê.

[5]

60 punte

IEB Copyright © 2018

AFDELING D UITGEBREIDE SKRYFRESPONS

Bestee ongeveer 30 minute aan hierdie afdeling.

VRAAG 17

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

"Kos te duur" (www.news24.co.za)
2017-10-26 14:10
Chelsea Pieterse, The Witness

Arm gesinne spandeer minder as die helfte van wat hulle moet op kos.

Lae-inkomste inwoners van Pietermaritzburg spandeer 54% minder aan kos as wat hulle moet. Dit is volgens die Pietermaritzburg-agentskap vir Maatskaplike Gemeenskapaksie (Pacsa), wat Woensdag sy jaarlikse voedselprysbarometer bekend gemaak het. Volgens die verslag prioritiseer mense kwessies soos onderwys, skuld, elektrisiteit en vervoer, bo kos. Van die redes hoekom mense finansieel sukkel, is lae lone en werkloosheid. Die verslag toon dat minstens sewe persone per stedelike huishouding in Pietermaritzburg op 'n lae inkomste moet oorleef. In September vanjaar beloop die koste van 'n basiese, maar voedsame kosmandjie vir hierdie huishoudings net meer as R4 000 per maand.

Pacsa het egter bevind dat lae-inkomste huishoudings net minder as R2 000 aan kos spandeer. "Dit beteken dat lae-inkomste huishoudings slegs die helfte van die voedsel wat hulle elke maand benodig, kan bekostig," volgens die verslag. Die aanbieder van die verslag, Pacsa se Julie Smith, het gesê dat twee derdes van swart Suid-Afrikaners in 2017 onder die broodlyn geleef het. Volgens haar kan 'n kwart van hulle nie bekostig om "behoorlike kos op die tafel te sit nie".

Smith het gesê dat die gemiddelde loon van R2 900 per maand as onder die broodlyn beskou moet word, aangesien die loon onder lede van die huishoudings verdeel word. Sy het bygevoeg dat die omvang van inflasie op kos "buitengewoon is". Volgens Smith is 'n verdere probleem die feit dat maatskapliketoelaagbetalings te laag is. "Kindertoelaes is R380 per maand. Dit is onder die broodlyn. In September het ons bevind dat die koste om 'n kind te voed, R578 per maand beloop," het sy gesê. Die verslag het ook bevind dat party supermarkte die hoeveelheid produkte per verpakking verminder sonder om die prys aan te pas. "Byvoorbeeld: 'n sewekilogramsak aartappels verkoop nou teen dieselfde prys as waarvoor 'n tienkilogramsak voorheen verkoop is. Pacsa monitor hierdie gewigsverskuiwings – hierdie praktyk het die afgelope jaar toegeneem en dek verskeie voedselsoorte in die trollies wat vrouens elke maand probeer koop," het Smith gesê.

"Ons is van mening dat die krisis wat ons in die laevlaktoelaes sowel as die ekonomie in die gesig staar, van so 'n ernstige aard is dat die staat sy begrotingstoewysings in geheel moet hersien en heroorweeg," het sy bygevoeg.

Voedselsoorte wat jaarliks beduidende vlakke van inflasie toon, sluit in:

• Eiers – 5% • Bevrore hoenderporsies – 36% • Hoenderpote – 50% • Hoendernek – 44% • Beesvleis – 26% • Spinasie – 93%	• Gebakte boontjies – 6% • Sout – 19% • Koffie – 7% • Kool – 48% • Tamaties – 34%

IEB Copyright © 2018

Daar is 'n wesenlike bedreiging vir huishoudelike voedselsekuriteit in arm gemeenskappe in Suid-Afrika. Skryf 'n artikel in reaksie op hierdie nuus24-uittreksel en bespreek die redes vir hierdie bedreiging en probleme wat verband hou met voedselproduksie. Stel oplossings voor om verbruikers in armer gemeenskappe te help.

Die artikel moet:

- 'n toepaslike opskrif en inleiding hê.
- ongeveer 500 woorde (1½–2 bladsye) en toepaslike paragrawe bevat.
- tot 'n duidelike gevolgtrekking kom en 'n geldige rede vir jou antwoord verskaf.

Punte sal toegeken word volgens die rubriek.

Kategorie	4 punte	3 punte	2 punte	1 punt
Fokus op en gebruik van artikel	Die hele antwoord is akkuraat gekoppel aan die onderwerp en die leser kan dit duidelik verstaan.	Die antwoord is meestal verwant aan die onderwerp. Dwaal op 'n stadium af, maar die leser kan steeds iets oor die onderwerp leer.	Die antwoord is gedeeltelik verwant aan die onderwerp. Nie 'n sterk skakel met die onderwerp nie.	Geen poging aangewend om die antwoord aan die onderwerp te koppel nie.
Inhoud: Deeglikheid	Alle feite in die antwoord is akkuraat. Besliste skakel na arm gemeenskappe in Suid-Afrika en die artikel.	Byna alle feite in die antwoord is akkuraat. Enkele verwysings na Suid-Afrika en die artikel.	Party feite in die antwoord is akkuraat. Baie min verwysing na Suid-Afrika en die artikel.	Feite verkeerd of irrelevant. Geen melding van Suid-Afrika of die artikel nie.
Inhoud: Toepaslikheid	Antwoord relevant en verskeie redes en oplossings word genoem.	Antwoord relevant en noem 'n paar redes en oplossings.	Bespreek slegs die redes vir voedselsekuriteit-krisis.	Antwoord nie van toepassing op voedselsekuriteit-redes of oplossings nie.
Gevolgtrekking	Verstaan die onderwerp deeglik en bied 'n duidelike en bondige gevolgtrekking aan.	Verstaan die onderwerp. Gevolgtrekking relevant.	Verstaan die onderwerp ietwat. Geen duidelike gevolgtrekking nie.	Geen begrip van die onderwerp nie. Geen duidelike gevolgtrekking nie.
Aanbieding	Toon van antwoord is volwasse. Geskikte, gepaste en professionele argument. Uitstekende en gepaste gebruik van taal en terminologie. Toepaslike opskrif vir artikel. Interessante inleiding. Korrekte paragrafering met goeie oorgange.	Toon is konsekwent en geskik vir professionele argument. Goeie en gepaste gebruik van taal en terminologie. Opskrif vir artikel verskaf. Meestal toepaslike inleiding en paragrafering.	Toon, taal en terminologie is swak. Opskrif hou nie verband met artikel nie. Pogings tot korrekte inleiding en paragrafering.	Skryfwerk is amper onverstaanbaar. Toon, taal en terminologie uiters swak. Inleiding en paragrafering nie teenwoordig nie.

20 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2018